e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 Maart 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 7

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Waarmee is ons besig?

Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond **(Eksodus 3: 5)**

Pas klaar gestudeer, sit ek as jong dominee met die reuk van ou olie en diesel nog vars in my ambagsmangeheue in 'n Kerk wat van mening is dat sy haar in 'n krisis bevind. En as ek so na die Kerk luister en haar moet vergelyk met 'n motorenjin, klink dit of sy 'n goeie diens nodig het. Kom ons wees eerlik: In die manier waarop mense met mekaar omgaan, is daar van die Kerk wat ek oor 42 jaar liefgekry het en in geroep is min oor.

Dit voel vir my of ek langs 'n oop enjinkap staan en dat ek nie anders kan nie as om een van daardie lang fluite te gee wat net 'n motorwerktuigkundige kan gee. Daardie fluit wat 'n motoreienaar laat sidder.

Die vraag is: Wat is die krisis, en kan daar iets daaraan gedoen word?

Die krisis word in baie gevalle gemeet in terme van kwynende lidmaatgetalle en dat die Kerk sukkel om aan te pas in 'n vinnig veranderende wêreld. So is daar baie ander redes vir die krisisverskynsels. Tog is alles nie verlore nie.

In elke krisis skuil 'n geleentheid, mits daar 'n paradigmaskuif en hartsverandering plaasvind. Die Kerk het dus die keuse of sy die krisis negatief gaan hanteer, en of sy die waarheidsmoment in die gesig gaan staar as 'n geleentheid. Om dit te doen, sal sy haarself kontekstueel en refleksief moet herwaardeer in terme van haar bestaan. Hierdie herwaardering behoort in die lig van God se Woord as liggaam van Christus te geskied.

Wat natuurlik beteken dat daar ook 'n ander krisis is. Dit is nie net die Kerk wat in 'n krisis gedompel is nie, ook die kerk as liggaam van Christus is in die verleentheid gestel omdat sy haar identiteit in Christus versaak. 'n Reformatoriese Kerk wat ernstig is oor haar toekoms as gestuurde gemeenskap en liggaam van Christus, maak erns met God se Woord en sy Roepstem, en rangeer haar bestaan daarvolgens.

Deur dit te doen, sal God die Kerk se begrensde en beperkte walle van tyd en ruimte oorstroom na 'n Kerk waarin Jesus gewoon en gewerk het en waar God steeds aan die werk is. Die Kerk behoort nie aan mense nie, maar aan God, met Jesus as hoof en Heer van die Kerk. Die vraag is: Is die stelling nog waar in die NHKA en haar strome van waarheid?

Wat ek as jong dominee verder sien, is dat die meeste kerke, te midde van hul gesofistikeerde vaardighede, in lidmate, nie haar gestuurde potensiaal bereik nie omdat sy nie die gereedskap in haar gereedskapskas positief aanwend nie. Elke mens is tog 'n gestuurde van God en daarom kerk.

Dit is goed dat die enjinkap oop is – kom ons kry die beste werktuigkundige vir die herstelwerk: Jesus Christus, die hoof en Heer van die Kerk. Miskien sal ons weer die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees *wordende* word.

Op die vraag of daar nog hoop is vir ons Kerk deur die oë van 'n jong dominee? Verseker! In Christus is daar altyd hoop, daarom het dit tyd geword dat ons weer biddend vra: Waarmee is ons besig en waartoe roep God ons, en sy Kerk, gemeet aan sy Roepstem en sy Woord?

Ds Cobus van Nieuwenhuizen, Hartebeeshoek

(Tekste gebruik: Eksodus 3: 1-6; Esegiël 37: 1-17; 47: 1-12; Johannes 3: 16; Handelinge 1 en 2)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Corné Lemmens

Ds Giel Malan

Ds David du Plessis

Prop Antionette Janse van Rensburg

Beroep ontvang en aanvaar

Die volgende benoemings is vir die tydperk 1 Februarie tot 31 Mei 2013. Die predikante bly steeds in hul eie gemeentes betrokke gedurende die benoemingstydperk.

- **Ds Corné Lemmens** van Villieria (deelsorg) na Wonderboompoort (benoeming)
- **Ds Giel Malan** van Newlands (deeltyds) na Wonderboompoort (benoeming)
- **Ds David du Plessis** van Wonderboom-Suid (deeltyds) na Wonderboompoort (benoeming)
- **Prop Antionette Janse van Rensburg** (beroepafwagtend) na Wonderboompoort (benoeming)

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse of deelsorghoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 130 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 55 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die geadverteerde aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 of 082 410 5444. Aansoeke sluit op **15 April 2013.** CV's kan gestuur word na **cbiggs@telkomsa.net**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- Di Petrus (Gerdau/Hartbeesfontein) en André (Londen) Harmzen se moeder, **tannie Santjie Harmzen**, is die aand van 15 Maart in haar slaap oorlede. Sy is ook die moeder van diak Herman Harmzen van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin en Linda Botha, vrou van ds Gerrie Botha van Gemeente Viljoenskroon. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

Proff Andries Breytenbach, Bart Oberholzer en Johan Buitendag

- Op Vrydag 15 Maart het die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap aan UP se Fakulteit Teologie by 'n spesiale geleentheid **erkenning** gegee aan die bydraes van **proff Bart Oberholzer en Andries Breytenbach**. Prof Jurie le Roux (emeritus) het in sy huldigingsrede uitgewys hoe prof Oberholzer deel was van die nuwe stimulus vir die bestudering van die Ou Testament in Suid-Afrika, en waardering uitgespreek vir die manier waarop hy kritiese teologiebeoefening sinvol by onderrig en prediking geïntegreer het. Dr Ananda Geyser-Fouché (Dept OT, UP) het verwys na prof Breytenbach se uitstekende kennis van Hebreeus en sy sonderlinge vermoë om die teks van die Ou Testament te interpreteer, terwyl hy ook met sy omdigtings van die Psalms en Gesange 'n kosbare bydrae tot die Liedboek van die Kerk gemaak het. Ds Gerrit Kritzinger (Bybelgenootskap van SA) het in sy huldigingsrede verwys na die reusebydrae wat prof Oberholzer reeds vanaf 1966 tot die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (wat uiteindelik in 1983 verskyn het) gelewer het (as grondvertaler en lid van die Eindredaksie), en ook die *Bybel vir Dowes* (deesdae uitgegee as *Bybel vir Almal*) waarvan hy projekleier was. Prof Breytenbach se betrokkenheid by Bybelvertaling het ook reeds by die 1983-vertaling begin, terwyl hy 'n sleutelrol gespeel het in die vertaling van die Bybel in

Suid-Ndebele wat verlede jaar verskyn het. Prof Breytenbach is van die begin van 2013 af ook voltyds betrokke by die Bybelgenootskap se huidige vertaalprojek, *Die Bybel in Afrikaans: 'n direkte vertaling*.

- Die volgende **besluite** is onder andere deur die Kommissie van die AKV geneem tydens hul vergadering van 7 en 8 Maart:
  - **Dr Johann Beukes** van Gemeente Weltevreden is as lid van die Kuratorium aangewys.
  - **Dr Hennie Botes** van Naboomspruit se aansoek om aan die einde van Mei 2013 te emeriteer, is goedgekeur.
  - Die bedanking van **ds Wynand Rademeyer** van Vivo op 10 Desember 2012 is aanvaar.
  - Die bedanking van **ds Hardie Kotzé** van Schweizer-Reneke op 19 November 2012 is aanvaar.
  - Die bedanking van **ds Jaap Steenkamp** van Potchefstroom Die Wilge op 2 Maart 2013 is aanvaar.
  - **Oudl Paul Vorster** is in terme van Ordinansie 3.10.1 (viii) as ouderlinglid van die Kommissie van die AKV verkies.
  - **Gemeente Ottosdal** se aansoek om hul standplaas te wysig van volle versorging na gedeeltelike versorging is goedgekeur.
  - **Gemeente Vanderbiljpark-Oos** se aansoek om hul standplaas te wysig van volle versorging na deeltydse bediening is goedgekeur.
  - **Gemeente Oos-Moot** se aansoek om die skep van 'n benoemingstandplaas is goedgekeur.
  - **Gemeente El-Flora** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede vir 'n tydperk van drie maande is goedgekeur tot einde Mei 2013.
  - **Gemeente Wonderboompoort** se aansoek om uitstel van beroeps-werksaamhede vir 'n tydperk van drie maande is goedgekeur tot einde Mei 2013. Dit word as 'n uitsonderlike reëling beskou en word op 'n ad hoc-basis verder bestuur. Die Ringskommissie van Noordelike Pretoria word versoek om op 'n kontinue basis betrokke te bly in die bestuur van die aangeleentheid.
  - **Gemeentes Theresapark en Pretoria-Tuine** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede vir 'n onbepaalde tyd of totdat sake vir die gemeentes genormaliseer het, word goedgekeur.
  - **Gemeente Heidelberg** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede word in beginsel vir 'n periode van drie maande, tot einde Mei 2013, goedgekeur, met die veronderstelling dat die Ringskommissie van Heidelberg die saak behoorlik verreken en goedkeuring verleen.
  - **Gemeente Jeffreysbaai** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede vir 'n tydperk van drie maande word goedgekeur tot einde Mei 2013.
  - **Gemeente Vanderbijlpark-Suid** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede vir 'n tydperk van 12 maande word goedgekeur tot einde Februarie 2014.
  - **Gemeente Witfield** se werkooreenkoms met ds Theo Janse van Nieuwenhuizen vir die tydperk 1 Mei 2013 tot 30 April 2014 word goedgekeur.
  - **Gemeente Setlaars** se aansoek om van prof John Gericke se dienste gebruik te maak as pastorale hulp vir 'n verdere periode van 12 maande word goedgekeur.
  - **Gemeente Chrissiesmeer** se aansoek om met dr Frans Boshoff 'n werkooreenkoms aan te gaan tot einde Julie 2014 word goedgekeur.
  - **Gemeente Sonlandpark** se aansoek om van ds Piet van Wyk se dienste gebruik te maak as pastorale hulp wanneer hy einde Julie 2013 emeriteer, word goedgekeur.

Dr Piet van Staden

- **Dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester het op Woensdag 13 Maart die **HTK se eerste openbare lesing** van die jaar waargeneem. Sy lesing oor **Hervormde Teologie** is aangebied onder die opskrif *Bakens, drumpels en webbe*. Hy het aangedui dat teologiebeoefening noodwendig 'n kreatiewe onderneming is, onder meer omdat dit van taal gebruik maak en omdat alle tekste narratiewe

gapings bevat wat deur die leser self gevul moet word. Die leser dra dus by tot die betekenis van die teks. Dr Van Staden het verwys na die begrip *liminaliteit* wat deur die antropoloë Arnold van Gennep en Victor Turner ontwikkel is, en dit toegepas op teologiebeoefening en die kerk. Die begrip kom van die woord *limen* in Latyn wat beteken *drumpel*. Dit verwys na die middelste van drie fases in 'n oorgangsproses, waar die eerste fase die afskeid van ou vastighede behels, die middelste fase die disoriëntasie en vloeibare oorgang *op die drumpel*, en die laaste fase waarin nuwe vastigheid gevind word. Die drumpelfase kan ontwrigtend en bedreigend wees omdat ou vastighede bevraagteken word. Tegelyk ervaar baie mense dit as 'n tyd van opwinding en avontuur waartydens nuwe moontlikhede ondersoek en nuwe energie opgewek word. Die kerk, en ons teologiebeoefening, is tans in 'n vloeibare fase waar vastigheid in die ou formaat nie meer sekerheid bied nie, en waar ons soek na vastigheid in 'n nuwe vorm. As dit reg verstaan en bestuur word, kan die kerk baie daarby baat en gereed wees om 'n betekenisvolle plek in die samelewing in te neem.

- Die Kommissie van die AKV het besluit om gedurende 2013 voort te gaan met die reeks **preeksketse** wat aan predikante van die Kerk uitgestuur word. Op hierdie manier gee ons gestalte aan ons gerigtheid op die Skrif en ons onderlinge verbondenheid terwyl ons mekaar dien en van mekaar leer. 'n Preekskets wat **ds Neels van Tonder** vir die **Lydenstyd** geskryf het, is op Dinsdag 19 Maart aan predikante gestuur. Dit kan by Bybelstudiegeleenthede of saam met 'n eredienswerkgroep benut word. Hierdie reeks preeksketse is bloot as hulpmiddel vir predikante bedoel, wat vry is om self te besluit of en hoe hulle daarvan gebruik kan maak. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- Die **NHSV Hoofbestuur** is tans besig om die bestaande **toerustingspakket** te hersien. Hulle wil 'n kompakte toerustingspakket beskikbaar stel wat modern en funksioneel is. 'n Behoeftebepalingsvraelys is verlede week aan predikantsvroue en NHSV voorsitters gestuur. Baie dankie aan die dames wat reeds hul vraelys teruggestuur het. Indien u dit nie ontvang het nie, kan u die vraelys op die webwerf aflaai by **www.nhsv.org.za** onder NHSV kantoor – pro forma dokumente of dit van die NHSV kantoor aanvra. Ons versoek dat u 'n tydjie sal skep om hierdie vraelys in te vul en terug te stuur aan die NHSV Hoofbestuur. U kan dit faks na 086 274 0466 of per e-pos stuur na **nhsvadmin@nhk.co.za**.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Die persoon met 'n gestremdheid het dieselfde emosies en behoeftes as ek en jy en verdien dieselfde geleenthede.

- **ADV-videogrepe.** Gaan kyk gerus na grepe van die dienswerk wat ons Kerk se diakonaat doen (klik telkens om 'n kort videogreep te vertoon):
  DPS-stelsel (Kinderhuise)
  http://www.diakens.co.za/index.php/wat-doen-ons-alles/kindersorg/kinderhuise-dps-stelsel.html

  TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)
  http://www.diakens.co.za/index.php/wat-doen-ons-alles/gestremdes/toibo.html

  RDV's leer oor barmhartigheid
  http://www.diakens.co.za/

- **AGB-wenk:** Verbreek die afsydigheid teenoor ouer persone deur betrokke te raak by projekte in jou omgewing wat omgee vir bejaardes. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die AGB by 082 786 8448.

- **Vakature vir 'n administratiewe beampte. Gemeente Wonderboom** in Annlin, Pretoria, het 'n uitdagende pos vir 'n professionele, selfgemotiveerde persoon met goeie rekenaar- en finansiële vaardigheid. Hierdie persoon is die gemeente

se eerste kontakpunt, en daarom is goeie menseverhoudings en kommunikasie van uiterste belang. As die administratiewe beampte van die gemeente is jy verantwoordelik vir alle kantoor- en administratiewe dienste, alle kassierstake, bevordering van kerklike publikasies, instandhouding van elektroniese databasisse en skakeling na binne en buite die gemeente. Dit is 'n halfdagpos op normale weeksdae, en op Sondae word van jou verwag dat die kantoor 'n uur na die erediens oop sal wees. Die volgende is vereistes vir die pos:

- 'n Naskoolse kwalifikasie.
- Formele opleiding in Microsoft Office (Word, Excel, Outlook, PowerPoint).
- Pastel- of verwante stelselervaring.
- Geldige rybewys.

Kontak een van die volgende persone vir meer besonderhede: Piet Mulder 079 877 3280 / Henri Vorster 082 469 7752 / Dawie van der Merwe 082 575 6284. **Aansoeke sluit op 5 April**. Korrespondensie sal net met suksesvolle kandidate gevoer word. Indien jy nie binne 7 dae na die sluitingsdatum van ons gehoor het nie, kan jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of **m.swanepoel@lantic.net**. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.

- **Gemeente Wonderboompoort** bied 'n **koelkamer** te koop aan. Dit is 'n losstaande buitekoelkamer in goeie toestand, 2,6 m hoog, 3 m wyd en 2,4 m diep. Die temperatuur kan beheer word tussen 2 en 10 °C. Daar is geen rakke aan die binnekant nie. Kontantaanbiedinge word ingewag **tot 31 Maart**. Die beste aanbod sal aanvaar word. Die koper moet asseblief self reël dat die koelkamer afgehaal word. Kontak Sieg Schwarzer (skriba) by 012 335 4181, 083 288 2779 of **siegfrieds@telkomsa.net**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

Woensdag 20 Maart:	Di Hannelie Botha (beroepafwagtend), André Harmzen (buiteland) en Lou Swanepoel (emeritus)
Donderdag 21 Maart:	Ds Paul Jooste (emeritus)
Saterdag 23 Maart:	Ds Bernie Sneygans (Hartebeestpoort)
Sondag 24 Maart:	Ds Janine Bevolo-Manders (Witfontein)
Maandag 25 Maart:	Ds Barnie van der Walt (Bybelgenootskap)
Dinsdag 26 Maart:	Di Dirk Stoltz (emeritus) en Anton Swanepoel (emeritus)
Woensdag 27 Maart:	Ds Barry van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
Donderdag 28 Maart:	Di Lorret de Leeuw (Hendrina), Mariët Robbertze (Magaliesmoot) en Jaco van Sittert (Randburg)
Vrydag 29 Maart:	Dr Frans Boshoff (emeritus), di Jan-Harm Barkhuizen (Weskus) en Petri van Rooyen (Joachim Prinsloo/ Ruskoppies)

Beplande vergaderings

- Woensdag 20 Maart: Direksie van Ons Tuis
- Woensdag 27 Maart: Bestuur van die Ondersteuningsraad

Kursusse en toerusting

- **HTK oop gesprek oor die Kerk se teologiese opleiding**
  Vrydag 19 April van 14:00 af
  By die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria
  Inleiers prof Ernest van Eck en dr Kobus Labuschagne
  Alle lidmate en ampsdraers welkom

Konserte en feeste

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  Piekniek, kenmekaar en lofprysing Vrydagaand
  Pretloop Saterdagoggend, aromaterapiesessie, *high tea*
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Bespreking met betaling van R200 deposito
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Donderdag 4 April: Gemeente Paarl: Gholfdag**
  Paarl-gholfklub
  4-bal Beterbal-alliansie
  Geborgde putjies en bowwe R500 tot R1 500
  Inskrywingsfooi R1 200 per 4-bal / R300 per persoon
  Skryf in by Paarl-gholfklub 021 863 1140
  Kontak Frikkie van der Merwe by 082 462 0540
  of ds Johan van Rensburg by 083 384 0219

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion
  Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
  Koop 'n kaartjie teen R100 en ontvang 'n pakkie diamantgruis
  Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om 'n diamant te wen!
  Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
  Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
  Navrae aan ds Annelie Botha (082 650 3494)
  of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

ANDER NUUS

- Die **OSR Pretoria** fokus van **25 tot 28 Maart** op die **laerskoolkinders** by wie die maatskaplike werkers betrokke is. Die doel is om die kinders konstruktief tydens

die vakansie besig te hou. Die koste beloop ongeveer R180 per kind vir die vier dae, en sluit uitstappies, vervoer en middagetes in. Indien u enige verdere inligting benodig of ’n skenking wil maak, kan Natasha van Tonder by 012 325 2320 / **oraadpretoria@nhk.co.za** gekontak word.

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys. Deur ‘n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie ’n verleentheid is nie, is daar ’n spesiale paar veters te koop @ R30. As deel van die plakker is daar ook ’n kleiner plakker wat jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Publikasies vir April 2013

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel